

Mei 2009

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Na aanleiding van die wêreldwye finansiële krisis en rol wat die banke daarin speel het ek besluit om oor die beginjare van die Standard Bank in Pretoria te skryf. Meeste van die inligting kom uit die boek van Terry [Ter-01 p118-121].

Daar bestaan heelwat mooi foto's van die verskillende geboue van die Standard Bank en ook van die personeel in 1884. Ongelukkig is dit nie moontlik om almal te plaas nie en ek het slegs 'n paar gekies.

Die Standard Bank in Transvaal

Die grondwet van die Standard Bank het gestipuleer dat die bank slegs sake mag doen in gebiede wat onder Britse beheer is. Die bank in Pretoria is dan ook ge-open kort nadat die Transvaal in April 1877 geannekseer is [Afr-10 [9].

Die enigste ander bank wat toe reeds in die Transvaal besigheid gedoen het was die Cape Commercial Bank, en ofskoon hierdie bank voor die Standard Bank in die Transvaal gevestig was en sy hoofkantore in die Kaap gehad het, het die Britse owerheid in Transvaal sy rekening aan die Standard gegee omdat hierdie bank die Imperiale Regering geldelik gesteun het i.v.m. die ontwikkeling van die land. Die anneksasie is dan ook ten minste gedeeltelik deur die Standard Bank ten bedrae van £300,000 gefinansier, wat as 'n voorskot aan die Britse owerheid toegestaan is [Pr-45 p9].

Nadat Rees Williams 'n tak in Potchefstroom ge-open het, het hy Potchefstroom op 4 Mei 1877 verlaat en die middag van Saterdag 5 Mei in Pretoria aangekom, 'met die kontant - £500 – wat van Kimberley en Potchefstroom saamgebring is en een van die twee ongetekende notaboeke, asook 'n paar bankvorms en skryfbehoeftes'. Die Pretoriase tak is op 16 Mei ge-open. In De Volksstem van 9 Mei word berig dat Williams, Direkteur van die Standard Bank of British South Africa, in Pretoria aangekom het [V 1877-05-09].

Op 26 Mei het nog 'n personeellid, J.G. Mackenzie, in Pretoria aangekom met bykomende geld wat hy uit Kimberley saamgebring het. Hugh Crawford het hom kort daarna by hulle aangesluit, en Rees Williams het beheer oor die Pretoriase tak aan hom oorhandig en op 30 Junie na Lydenburg vertrek. Hugh Crawford het later bestuurder van die Kimberley-tak geword en die Bank se diens eers in 1888 verlaat. Hy het president van die Transvaalse Hoërhuis onder verantwoordelike regering geword, asook voorsitter van die Nasionale Bank van Suid-Afrika Beperk.

In die vroeë Transvaalse dae het die Standard Bank se werksaamhede stadig gegroei. Sy vernaamste kliënt was die Transvaalse regering wie se rekening op 1 Junie 1878 van die Cape Commercial Bank na die Standard oorgeplaas is en aan wie daar kort daarna 'n voorskot van £150,000 gegee is.

Die Bank het ook aangebied om 'n lening vir die netelige projek van 'n spoorweg na Delagoabaai uit te skryf. Die Imperiale Regering was ook 'n kliënt. In die geheel is 'n redelike bedrag uitgeleen, hoofsaaklik teen die sekuriteit van verbande op grond. Een interessante vroeë oortrekking was aan die Zuid-Afrikaansche Republiek se mynmaatskappy wat kobalt

geproduseer het, terwyl 'n ander oortrekking vir die bou van die Moederkerk van die Nederduits Gereformeerde Kerk op Kerkplein was.

Die Standard Bank in Pretoria

1877

Die Standard Bank se eerste perseel in Pretoria is van 'n mnr. Marais gehuur en het bestaan uit 'n klein kantoortjie, ongeveer 13 vt x 20 vt, en 'n slaapkamer, ongeveer 13 vt. x 13 vt [as ek reg uitwerk was dit benaderd 4 m x 6 m en 4 m x 4 m]. Hierdie gebou is van 16 Mei 1877 tot 30 April 1878 gebruik. Al die skrywers oor die Standard Bank meld dat dit nie bekend is waar die gebou van mnr. Marais was nie. In De Volksstem het ek die volgende berig opgespoor: Die Standard Bank – 'n tak in Pretoria open in die Marais-gebou op Kerkplein tussen die Poskantoor en die gebou van De Vries & Marais [V 1877-05-16]. Dit het my ook in staat gestel om die onderstaande foto van die gebou te kry.

Die firma van De Vries & Marais was 'n vennootskap tussen Maurits de Vries en Pieter Johannes Marais. Hulle begin die vennootskap in Maart 1876 en in Mei 1881 word dit ontbind. Volgens 'n advertensie in Jeppe se Transvaal Almanak [Jep-01 p 79] was hulle "Attorneys, Notaries, Conveyancers, General Agents and Auctioneers" met 'n veiling elke Saterdag. Daar word ook genoem dat hul kantore tussen die Standard Bank en die Pretoria Klub is [V 1877-05-16] en dat die mense moet uitkyk vir 'n wit vlag met 'n rooi kol in die middel wat hul veilings op Kerkplein adverteer [V 1899-05-30].



So het die perseel ná 1887 [nadat die nuwe Poskantoor gebou is] daar uitgesien. Van links na regs:

Poskantoor en Landdroskantoor.

Marais gebou. In 1875 wil P.J. Marais die gebou verhuur en adverteer dit as 'n gebou van 15 vt x 21 vt met 'n stoep. Die gebou bestaan uit 'n winkel van 11 vt x 15 vt, 'n kantoor van 11 vt x 11 vt, en ook 'n stoor van 30 vt x 11 vt. Op hierdie foto is die stoep afgebreek en lyk dit asof die gebou nou vergroot

is. Dit is in hierdie gebou waar die Standard Bank in 1877 in Pretoria begin het. Daarna het dit verskeie eienaars gehad.

Commercial Chambers was oorspronklik die huis van Kaptein Marinus Struben. Later het verskeie regsfirmas hul kantore in die gebou gehad. In 1877 toe die Standard Bank in Pretoria begin het was die kantore van De Vries en Marais in die gebou. Toe hierdie foto geneem is het Kuranda en Marais o.a. hier sake gedoen. Die Marais was nie P.J. Marais nie maar wel Melt Marais, 'n broer van die Skrywer Eugene Marais.

Klubgebou van Pretoria Klub in 1875. Later word dit o.a. die Kimberley Hotel van J. Cavanagh.

Ou Skoolgebou.

1878

Vanaf 1 Mei 1878 het die Bank 'n gebou van J.C. Preller gehuur wat op een van die beste sakepersele in die dorp, die suid-oostelike hoek van Kerkplein [op die suidelike helfte van erf 368], geleë was. Dit was vierkantig en in vier vertrekke verdeel – die bankkantoor en bestuurdersvertrek aan die voorkant wat op die plein uitkyk, en die bestuurdersslaapkamer en sitkamer aan die agterkant. Die binne-uitleg is in 1880 verander om die banksaal te vergroot en 'n personeellid het toe in die oorblywende agterste kamer geslaap terwyl die bestuurder elders gewoon het. Die eenaar van die grond, J.C. Preller, is in 1883 oorlede [Afr-11 p20] en die persoon wat die verband op die grond gehad het wou self die gebou gebruik. Die Bank het hierdie gebou tot in Mei 1884 gebruik. Later het die Natal Bank die gebou betrek.



Op hierdie foto sien ons van links na regs:

Central Chambers. Dit was vir baie jare die eiendom en kantore van Preller & De Villiers. In 1882 word die vennootskap van J.C. Preller en T.N de Villiers ontbind en word die gebou op 'n publieke veiling verkoop.

Standard Bankgebou. Op die stoep van die gebou lê die naambord van die bank wat nog nie opgesit is nie. Daar bestaan ook 'n foto van 'n aantal mense wat op die stoep voor die bank staan.

Winstanley se winkel is die groot wit gebou regs op die foto. Richard Winstanley was veral bekend as krieketspeler in 1873-1875. Dan het hy ook Pretoria as biljartspeler verteenwoordig en van sy perde was gereeld op die "Pretoria Race Course" in aksie. In 1880 word sy winkel en 'n gedeelte van

sy erf op die suid-oostelike hoek van Kerkplein aan McHattie verkoop vir £2,675 [V 1880-07-28].

1884

Nadat Richard Winstanley in Maart 1884 insolvent verklaar is het die Bank die res van sy eiendom, ook op Kerkplein, gekoop en op 12 Mei 1884 daarheen getrek. Die eiendom het 'n woonhuis vir die bestuurder ingesluit, wat op Pretoriusstraat uitgekyk het. Die Bank het tot in 1894 in hierdie gebou gebly en dit toe aan H.W. Struben verkoop.



Field & Co se "Produce Store" is nou links van die Central Chambers gebou. Die Natal Bank is nou in die gebou waar die Standard Bank eers was. Winstanley se winkel is nou oorgeneem deur De Nationale Boeren HandelsVereniging Beperkt. J. van Soeren is die eienaar. Hulle adverteer: "We have always in stock, ladies and gent's outfittings, furniture and pianos, ironmongery and tools – timber, iron etc. Dutch eatables, groceries, French wines and champagne, beer, gin and liqueurs." [Din-01 p60] Die klein wit geboutjie heel regs op die foto is die nuwe gebou van die Standard Bank.

1894

Teen 1890 het die gebou te klein geword en het die Bank na moontlike opsies gekyk om dit te vergroot. "There is a sizeable piece of ground with frontages on Bank Lane and Pretorius Street at the back of the present Bank The only objection to the present site on Church Square is the narrow frontage of about 25 feet and our neighbours the Boeren Winkel will not at present sell a small portion of their frontage except at an impossible price With the present frontage, considering the way our site widens out to a breadth of 40 feet, a satisfactory Bank can be built on our present site, and It is beyond question that a frontage on Church Square, which is the centre of all the financial institutions in Pretoria, is better then one in a comparatively back street like Bank Lane or Pretorius Street" [Afr-11 p21].

In Desember 1892 is die boerewinkel in likwidasie geplaas en die Standard Bank kon die restant van erf 414 [aangrensend aan die huidige bankgebou] koop vir 'n bedrag van £ 8,000. "Of this sum £1,500 would be recovered from

Mr J.P. Hoffman for a strip of land not required by the Bank, but which he desires to purchase in order to widen the side street known as Bank Lane, an improvement almost as much to our advantage as to his" [Afr-11 p21].

Planne vir 'n nuwe gebou is opgestel en in Mei 1893 is 'n tender vir die bouwerk van J. Munro, wat die Pretoria Klub en die markgeboue gebou het, vir £11,693 aanvaar. Die argitekte van die nuwe dubbelverdiepinggebou was Emley & Scott. Die bouwerk het die ou perseel langsaan onaangeraak gelaat en die bank kon in sy bestaande gebou bly totdat die nuwe gebou op 20 Junie 1894 voltooi is. Kantore in hierdie gebou is aan die Transvaalse Regering en aan die imperiale owerheid verhuur.



Die nuwe gebou van die Standard Bank. In die driehoek [pedimente] bokant die vensters was daar beeldjies wat deur Anton van Wouw gemaak was. Toe die gebou afgebreek is het een van hulle bewaar gebly en is in die versameling van die museum opgeneem.

In die begin van die dertigerjare van die vorige eeu het die Standard Bank weer 'n nuwe gebou langs die oue laat bou. Die bestaande Standard Bankgebou op Kerkplein is deur die Johannesburgse argitekte Stucke en Harrison ontwerp en is in 1933 teen 'n koste van ongeveer £140,000 voltooi. Voorheen was dit die terrein van die Grand Hotel en die Lounge Café en was ook bekend as "Burmesters Corner". Oorspronklik was dit die terrein wat M.W. Pretorius in 1859 aan J.R. Lys toegewys het. Die ou Winstanley-winkel, wat die Bank van 1884 tot 1894 gebruik het, het op 'n deel van die terrein gestaan.

Personeel van die Bank in Pretoria

Personeel in 1884

J.J. Grindley Ferris [bestuurder]; R. Young [rekenmeester]; H.M. Bousfield [seun van die Biskop van Pretoria]; J.R. Dyer; C.D. White; H.C. Jorissen [seun van E.J.P. Jorissen, later hoofbestuurder van die Nederlandse Bank van Suid-

Afrika en Adjunk-goewerneur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank van 1921 tot 1926] en S.G.P. Tomes [Ter-01 p121].

Personeel in 1889

Bestuurder: J.J.G. Ferris; rekenmeester: O.B. Shepperson en waarnemende rekenmeester: J.N. Wynne. Die klerke was: C.A. Gates; A. Jansen; Johan Smith; Vincent en W. Whiting [Dun-01 p9].

Personeel in 1896

J.J.G. Ferris is nog steeds die bestuurder en die rekenmeester is nou Robert Orr [Pr-083 p37].

Beroemde kliënte van die Pretoriase tak

Die Transvaalse Regering se rekening by die Standard Bank, asook dié van heelwat van die staatsamptenare, was jare lank by die Pretoriase tak. Van die Transvaalse regeringsamptenare was o.a. N.J. Smit, W.E. Bok, J.N. Boshoff, E.A. Esselen, J.S. Marais, W.J. Leyds, N. Mansveldt, I.N. van Alphen, C. van Boeschoten, J.P. de Wet, J.G. Kotze, N.J.R. Swart, Hendrik Stiemens en Petrus Burgers. President Paul Kruger het £40,000 belê op 19 Mei 1899 en dit weer op 10 Oktober van dieselfde jaar onttrek [Dun-01 p65]. Kommandant-generaal P.J. Joubert en oud-president M.W. Pretorius het hulle bankrekenings ook hier gehad.

Die Pretoriase tak het 'n lang lys vername kliënte gehad. Geoloog Alexander Logie du Toit se naam verskyn in dieselfde handtekeningboek as dié van die Goewerneur-generaal van die Unie, prins Arthur van Connought. Die natuurkundige Austin Roberts verkeer in die geselskap van die groot hoofregters – sir James Rose Innes, sir Johannes Wessels, James Stratford en N.J. de Wet. Ander lede van die balie wat rekenings hier gehad het was Leopold Greenberg, Benedictus de Korte, Daniel de Waal, E.L. Matthews en sir William Smith.

Die eerste Anglikaanse biskop van Pretoria, Henry Brougham Bousfield, het op 9 Januarie 1879 'n rekening by die Standard Bank in Pretoria geopen. Adriaan Johannes Begeman, die eerste vaste predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Pretoria, was 'n kliënt van die Standard. Hy is op 27 Januarie 1861 bevestig maar het in 1872 bedank na onenigheid in sy gemeente, en was van 1887 tot 1893 die eerste bibliotekaris van die Staatsbiblioteek van Transvaal. Ander geestelikes op die Standard se boeke in Pretoria was H.S. Bosman, wat van 1876 tot 1920 predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk [later die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk] in Pretoria was en wat 'n vername rol in die vereniging van die twee Hollandse Kerke in Transvaal in 1886 gespeel het; George Weavind, die Metodiste predikant in Pretoria van 1867 tot 1915; William Marlborough Carter, wat in 1902 Biskop van Pretoria was; Petrus Postma [‘n seun van ds. Dirk Postma] wat president Kruger se kapelaan en later sy getroue raadgewer was.

Eugene Nielen Marais, die skrywer, het in 1894 'n rekening by die Pretoriase tak ge-open, en die pionier-joernalis, Johannes Francois Celliers, het van 1878 af by die Standard gebank. Jacob de Villiers Roos was nog 'n Transvaalse joernalis en staatsamptenaar wat sy rekening by die Standard

gehad het, asook Jacobus Petrus Toerien, wat as die skrywer van 'Sarie Marais' beskou word.

Ander interessante kliënte van die Standard Bank in Pretoria was: James Robertson Cooper, die bokser; F.C. Eloff, skoonseun van president Kruger; G.W.A. Lingbeek, persoonlike geneesheer van president Kruger en die hoof organiseerder van die Rooi Kruis; Samuel Marks, nyweraar en finasier; W.A. Macfadyen, opvoedkundige; sir Theophilus Shepstone en sy seun, Theophilus Shepstone junior; G.R. von Wielligh, die landmeter. Dan was daar ook talle vroeë Pretoriase amptenare en persoonlikhede wat kliënte van die Standard was, byvoorbeeld H.C. Bergsma die weesheer en H.F. Gros die fotograaf.

Bronne

- Afr-11 Conradie, Barbara. **The Transvaal in 1877: the Standard Bank's first impressions.** Afrikana Vereniging. Jaarboek van die Pretoria Vereniging. 1993.
- Afr-12 Conradie, Barbara. **The Standard Bank on Church Square. Pretoria.** Afrikana Vereniging. Jaarboek van die Pretoria Vereniging. 1994.
- Dun-01 Lola Dunston. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria. 1975.
- Jep-01 Jeppe, Fred. **Transvaal Book Almanac and Directory for 1877.** Rep. Staatsbiblioteek, Pretoria.
- Pr-045 Van Rooyen, T.S. **Die Standard Bank.** Pretoriana, Nommer 45, Augustus 1964.
- Pr-083 Ploeger, Jan. **Pretoria in 1896.** Pretoriana, Nommer 83, Februarie 1983.
- Ter-01 Terry, Carolyn. **Baanbrekerbank in 'n Baanbrekerland.** W.J. Flesch & Partners. 1979.

V = De Volksstem

Groete tot volgend maand,
Rosa Swanepoel

Hier is 'n hele paar navrae. Is daar miskien iemand wat kan help?

Die volgende van Piet van Biljon – het iemand miskien inligting oor die huis?

Ons woon in 'n huis in Arcadia wat deur Hannes Meiring in sy boek "Pretoria 125" op bladsy 87/88 beskryf word. Ek verstaan die huis is in ongeveer 1890 gebou. Ook bekend as die Melvin huis.

Die volgende van Kobus van Tonder

Het jy enige kennis waar Holtshauzen wat by Pienaarsrivier gewoon het se huis was. Hier het hy 'n riet kerkgebou opgerig waarin ds Dirk Postma van die gestigde Gereformeerde Kerk sy eerste erediens by Pretoria gehou het in 1859. Moontlik was die plaas Seekoeihoek.

Byvoorbeeld dank, Kobus van Tonder

Die volgende van Corinne Louw van Chicago.

Hello Tannie Rosa,

Ek het letterlik jarre laas met Tannie gepraat – hoe gaan dit met Tannie? Dit is Corinne (Corrie Louw se dogter) hier en my ma het gesê ek moet vir Tannie 'n e-mail stuur. Ek is op die oomblik besig met my dissertasie en die onderwerp is "Youth movements and Culture in South Africa between 1910-1948" - ek probeer daarom soveel moontlik inligting kry oor enigiets wat te doen het met die jeug van die tydperk ... veral images i.e. print culture. My ma sê dat Tannie miskien sal kan help. Een van die topics wat ek na wil kyk is sport en ek wil fokus op boxing – so as enigiemand inligting het sal ek dit baie waardeer. Laat weet my wat Tannie dink en mooi bly, Corinne

Danie Bosman het die volgende vrae:

Ek is Danie Bosman en is tans betrokke by die CVO Verwoerdburgskool. Ek het vandag besoek afgelê by Rooihuiskraalfeesterrein en sou graag meer inligting aangaande die plek bekom sodat ek ons kinders die interessante geskiedenis van die plek kan meedeel.

Wie was die eerste eienaar van die stuk grond?

Was hy deel van 'n voortrekker groep? Watter groep?

Wat was die oorspronklike naam van die plek of plaas?

Is daar bewys van 'n bevolkingsgroep wat daar gebly het voor die aankoms van die blankes?

Wie het die Rooihuis gebou?

Waar het hy die bakstene vandaan gekry, want die mense sê dat die rooigrond nie hier voorkom nie.

Met wie was die man getroud en wie was sy kinders?

Is daar enige ander interessante geskiedenis, verhale ens. aangaande die spesifieke plek?

Mense beweer dit spook in die huis wat as restaurant gebruik was, is dit so?

Wie sou daar spook?

Enige inligting tov familie wat tans nog leef of foto's sal hoog op prys gestel word.

Hoop jy kan my help, Danie Bosman